
# ENVIRONMENTAL EDUCATION CENTRES
# OMGEWINGSOPVOEDING SENTRUMS

## POTBERGOMGEWINGSOPVOEDINGSENTRUM

Gerry Pienaar

*Die artikel is die sesde in 'n reeks van omgewingsopvoedingsentrums in Suider-Afrika.*

The facilities and programmes offered at Potberg Environmental Education Centre are described. A short background is given of De Hoop Nature Reserve to show its usefulness for Environmental Education.




Die Potbergomgewingsopvoedingsentrum is gelee in die unieke De Hoop-Natuurreservaat naby Bredasdorp aan die Suid-Kaap kus. Die reservaat is onlangs vergroot tot meer as 40 000 ha, terwyl 'n groot deel van die kus reeds sedert oprit 1986 'n marine reservaat is.

Die natuurlike omgewing in De Hoop is soms oorweldigend in sy verskeidenheid. Daar is seker min natuurreservate in die wêreld waarin 'n mens op een dag kan bergklim, in die see snorkelduik, in pragtige sandduine baljaar en ook nog 'n unieke varswatervlei geniet! Pragtige fynbos en 'n baie ryk tussengetysone is van die kenmerke wat die gebied ideaal maak vir omgewingsopvoeding.

Omgewingsopvoedingskursusse word sedert 1983 by Potberg aangebied in 'n moderne sentrum met huisvesting vir 60 persone. 'n Kleiner gebouekompleks (maksimum 30 persone) is by Koppie Alleen aan die kus opgerig en die twee sentra saam het reeds meer as 10 000 persone hanteer tydens kursusse wat gemiddeld tussen twee en drie dae lank is. 'n Stelsel van wandelpaaie en oornaggeriewe by De Hoop maak voorsiening vir gewone besoekers, terwyl 'n interpretasiesentrum en addisionele piekniekgeriewe vir die onmiddellike toekoms beplan word.

Onderwysstudente is een van die belangrikste teikengroepe van die sentrum en groepe van feitlik al die onderwyserskolleges en opvoedkundefakulteite in die Suidwes-Kaap word jaarliks ontvang. Ons glo dat onderwysers 'n 'vermenigvuldigende effek' het en dat die onderwysberoep 'n geweldige rol te speel het in enige omgewingsopvoedingstrategie. Dit is baie bemoedigend om te merk dat baie onderwysers wat Potberg as studente besoek het reeds skoolgroepe na ons teruggebring het! 'n Groot verskeidenheid ander groepe wat wissel van laerskoolleerlinge tot universiteitsvakgroepe en selfs groepe volwassenes word by die sentrum hanteer. Die sentrum voldoen duidelik aan 'n baie groot behoefte en is dikwels vir tot 'n jaar vooruit volbespreek.

Die opvoedkundige programme wat by Potberg aangebied word is hoofsaaklik daarop gemik om die gesindheid en houding van mense teenoor die omgewing meer positief te maak. 'n Besoek aan die kusgebied by Koppie Alleen is altyd 'n groot hoogtepunt en sluit gewoonlik 'n tussengetystudie, snorkelduik, swem en 'n kennismaking met ons pragtige sandduine in. 'n Staptog langs die mooi Potbergwandelpad vorm 'n belangrike deel van elke kursus en stel besoekers bloot aan die skoonheid en verskeidenheid van ons unieke Fynbosplantegroei. Wildekologie, voelwaarneming en die invloed van die mens op sy omgewing is aspekte wat in die meeste kursusse ingesluit word. Kursusaktiwiteite word waar enigsins moontlik in die buitelug aangebied en groot klem word gele op gesonde ontspanning in die buitelug. Die sentrum probeer om veral skoolleerlinge so ver as moontlik los te maak van hul normale 'skoolatmosfeer' en skriftelike werk en 'n streng gestruktureerde program word vermy waar moontlik. Die personeel is egter altyd bereid om spesiale versoeke van onderwysers en groepleiers in ag te neem.

Potberg is een van vier omgewingsopvoedingsentrums wat deur die Hoofdirektoraat Natuur- en Omgewingsbewaring in die Kaapprovinsie beheer word. Afgesien van Potberg is die Camdeboo-bewaringsopvoedingsentrum (Graaff-Reinet) en die Gold Fieldssentrum in Kaappunt reeds ten volle operasioneel. Die Thomas Baines-Gold Fieldssentrum naby Grahamstad word aan die einde van 1988 amptelik geopen en sal onmiddellik begin funksioneer.

Verdere inligting omtrent hierdie sentrums kan verkry word deur te skryf aan:

Die Koordineerder Omgewingsopvoeding
Hoofdirektoraat Natuur- en Omgewingsbewaring
Privaatsak X9086
KAAPSTAD 8000 Tel.:(021)45-0889





FIGUUR 1 a & b
*Potberg ervaring*



FIGUUR 2
*Plaas en sentrum*



FIGUUR 3
*Koppie-Alleen-sentrum*